Commercial news

"Natuurlike Middel Vervang Roetine Antibiotika"

Natrocine™ (Pty) Ltd

Bekendstelling van die eerste geregistreerde natuurlike produk wat roetine antibiotika en groeistimulante vervang. Die produk kan ten beste beskryf word as 'n natuurlike prestasiemiddel om voeromset en massatoename te verbeter. Dit werk ook mortaliteit teen wat geassosieer word met dormante infeksies.

Agtergrond. 'n Groot probleem bestaan in die braaikuiken bedryf op hierdie stadium. Gedurende die afgelope paar jaar word die braaikuikenen die volstruisbedryf onder druk geplaas as gevolg van toenemende sterftes asook uiteindelik ligter slagmassas. Die eerste piek sterftes word vanaf dag 3 tot dag 7 aangetref, wat daarna stabiliseer en weer vanaf dag 31 progressief eskaleer met maksimale mortaliteit tussen dag 37 en 41. Hierdie tendens verplig die boer om dan so gou moontlik sy braaikuikens vanaf dag 31 te begin slag om 'n 'oes' te verseker, met 'n tipiese slaggewig van 1.3 Kg. Braaikuikens wat sterf in die latere fase van die siklus het dan ook maksimale impak op die voerinsette omdat die meeste voer in die laaste paar dae ingeneem word en dan 'n totale verlies vir die boer inhou. Om hierdie sterftes te beperk word antibiotiese groeistimulante tipies as 'n roetine by die voer geplaas.

Patogenese. Nuwe navorsing toon vertikale oordrag van patogene organismes vanaf die ouerpare na die nuwe eiers wat gelê word. Dit verduidelik ook die swak kuikens wat aan die industrie tans gelewer word. Hierdie dormante infeksie kom veral voor in die beenmurg makrofage fagosietiese selle, die sogenaamde DMII (Dormante makrofaag infestasie-indeks) soos op 1-dag-oue kuikens bepaal kan word. In die hoenders word hierdie dormante patogene geaktiveer gedurende episodes van verhoogde stres. Die gevolg is 'n direkte, onderdrukkende effek op die hele immuunstelsel en dit kortwiek enige respons tot die eliminering van die onderliggende asook nuwe infeksies wat gedurende die groeifase van tyd tot tyd kan voorkom. Hierdie organismes het dan 'n voorliefde om met rooibloedsel- (RBS) sitoplasmiese membraan te bind en lei uiteindelik tot vinniger vernietiging van RBS.

Verder is aangetoon dat die gebruik van antibiotika, as roetine groeistimulant of as akute behandeling, die immuunstelsel nog meer direk sal onderdruk. Die rede waarom die 31-dag stadium so 'n kritieke tyd in die groei van die braaikuiken is en waar mortaliteit begin eskaleer, is omdat die gemiddelde lewenstydperk van die hoender-rooibloedsel (RBS) slegs 28-32 dae beloop. Op hierdie kritieke tyd word alle energie na die beenmurg gekanaliseer om die fisiologiese proses van nuwe rooibloedselproduksie maksimaal by te staan.

Verder vind vervetting in beide die lewer asook die beenmurg voorkom. Hierdie infiltrasie het tot gevolg dat akute energie wat benodig word vir RBS-produksie, en waarvan gewoonlik die grootste bron deur die lewer verskaf word in die vorm van glikogeen, nou deur die vervetting verplaas word. Die energiepoel word hier dus erg gekortwiek. Belangrik is die gevolg van verplasing van die mees belangrike RBS-voorloper-selle vir die vervaardiging van nuwe RBS'e deur die vet- infiltrasie in die beenmurg.

Hier is dus 'n dubbele aanslag op die braaikuiken wat patologies uiteindelik gevolg word deur hartversaking, soos gesien kan word in die vinnige asemhaling met smag na genoeg suurstofinname asook askitis of buikvog en vog in die hartsak. As gevolg van massiewe afbraak van RBS word meer as die normale hoeveelheid gal geproduseer wat in die galblaas gestoor word. Hier is dus altyd die voorkoms van 'n massiewe galblaas wat tot barstens vol gepak is met gal. Die vog rondom die hart en uit die buik vertoon dan gewoonlik geelgroen deurskynend a.g.v. vermeerderde galuitskeiding in hierdie areas.

Beide die vervetting asook die kroniese infeksie in die beenmurg in die femurkop met verminderde suurstofspanning veroorsaak lise of oplossing van die been in daardie area, daarom die gevolg dat baie braaikuikens op 'n stadium nie meer op hulle bene kan staan en vreet nie a.g.v. frakture in die femurkop-areas, dieselfde soos in die mens gesien met die verouderingsiekte osteoporose.

Die belangrike faktore wat dus 'n rol speel in die ondermynende groeiproses in die braaikuiken het na in-diepte navorsing die volgende getoon:

- Dormante oordraagbare infeksies vanaf ouerpare na nuwe-generasie eiers geproduseer
- Erge vervetting van beide die lewer asook die beenmurg
- Vermeerderde sterftes in braaikuikengroepe veral vanaf 31 dae tot 41 dae.

Farmakologie. 'n Natuurlike organiese middel is ontwikkel sonder om van enige antibiotika gebruik te maak. Hierdie middel spreek die probleem op al drie plekke aan nl.:

1. Help makrofage met dormante infeksies in die beenmurg om inveksiewe agense te elimineer deur die immuunstelsel direk te aktiveer. Die eindresultaat is verminderde mortaliteit onder die hoenders veral onder stresvolle omstandighede, asook 'n mindere kans tot die oordrag van zoonotiese infeksies (d.w.s. infeksies wat van dier na die mens oorgedra kan word).
2. Verminder vervetting in die beenmurg asook in die lewer deur vetweefsel te mobiliseer en na proteïen te verander. Dit het tot gevolg dat 'n beter voedselomsetting gesien kan word deur minder voer te gee met groter finale massa in die hoenders. Verder kan nuwe RBS in die beenmurg met meer sukses geproduseer word asook die opgaar van glikogeen in die lewer om aan die energiebehoeftes te voldoen.
3. Gesien uit fig 3 is die bursa-tot-milt verhouding deurgaans drie tot vier keer groter in die behandelde braaikuikens in verhouding met die kontrolegroep wat 'n direkte bewys is dat die immuunstelsel aktief geaktiveer is. Die hoender kan nou self infeksies meer geredelik afweer deur inherente natuurlike meganisme sonder die byvoeging van groot hoeveelhede antibiotika in akute fases, of as roetine by die voer gevoeg word.



Hier is dus 'n natuurlike groei-induseerder sonder enige antibiotika wat voedsel-omset, gewigstoename asook mortaliteit verbeter wat geassosieer word met vertikale dormante patogeen-infestasie in die beenmurg.

Aanbeveelde dosis: Gebruik vanaf dag 1 regdeur die siklus deur in voer of water te meng teen 2 gram per 100 kg lewendige gewig. Dit beteken 'n dosis is 250 gram per metrieke ton indien dit met die voer gemeng word. Die dosis kan verdubbel word vir verdere prestasieverbetering. Let wel dat dit nie moontlik is om te oor-doseer nie as gevolg van die natuurlike eienskappe van die produk.. Die produk is ook effektief vir gebruik in die volstruis- en visbedryf – dus enige gekernende rooibloedseldier. Natrocine Poultry Assist (Geregistreer as Immune Assist # V20134 RSA Wet 36/1947) is 'n produk wat ontwikkel en geregistreer is deur Welbedagt Navorsing & Ontwikkeling in George, Suid-Afrika. Die produk word verkoop en versprei deur Natrocine (EDMS) Bpk as Natrocine Poultry Assist.

web: www.natrocine.co.za

e-pos: enquiries@natrocine.co.za